



Wenke om boeke met babas en kleuters te deel

Daar is geen regte of verkeerde manier om boeke met babas en kleuters te deel nie. Wat van belang is, is dat julle die tyd saam geniet, en dat dit julle help om te besluit wat julle volgende wil probeer.

Kies 'n verskeidenheid boeke in jou kind se huistaal/tale, waar moontlik. Kies stories wat ook oer kinders in het, en stories oor families en bekende, alledaagse ervarings. Rympie- en opwipboeke is baie gewild by kleuters.

Maak baie speelyd met boeke, en lees boeke wat jou kind se gunsteling is weer en weer!

Ontspan en sit gemaklik met jou kind op jou skoot, of langs jou, wanneer julle boeke deel.

Deel 'n boek saam vir so lank of kort as wat julle albei wil. Dit maak nie saak hoe lank jy lees nie – en jy hoef nie die boek klaar te lees nie!

Vestig jou kinders se aandag op die prente en praat oor die konsepte, karakters, en wat in die boek gebeur. Wys na mense of dinge en sê wie hulle is, of wat hulle doen.

Vra vrae oor wat in die boek gebeur. Beantwoord dit self of laat jou kind toe om te antwoord, as sy/hy kan en wil.

Luister goed na wat jou kind sê of doen en reageer daarop. Dit maak die ervaring interessanter vir albei van julle en help om jou kind se taal te ontwikkel.

Wys na die woorde terwyl jy dit lees. Dit help jou kind om te leer wat woorde is en waar die woorde wat jy lees "vandaan kom".

Maak die klanke en geluide van die karakters of voorwerpe in die boek.

As jou kind lyk of hy of sy nie belangstel nie, **moenie moed opgee nie!** Probeer weer later, of op 'n ander manier – of probeer 'n ander boek.

